

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES - AFRIKA.



# OFFICIAL GAZETTE

UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Maandag, 15 Junie 1959

WINDHOEK

Monday, 15th June, 1959

No. 2197

## INHOUD.

## CONTENTS.

Bladsy/Page

### PROKLAMASIES:—

- No. 35. Hoofpad, Distrik Windhoek: Proklamering van nuwe Gedeelte  
No. 36. Verdere Wysigingsproklamasie op die Herbe-paling van Landdrosdistrikte, 1959  
No. 37. Dorp Kalkfeld: Stigting van

### PROCLAMATIONS:—

- Trunk Road, District Windhoek: Proclamation of new Portion 444  
Re-definition of Magisterial Districts Proclamation further Amendment Proclamation, 1959 444  
Kalkfeld Township: Establishment of 445

### GOEWERMENSKENNISGEWINGS:—

- No. 134. Bydraes tot die koste van Jakkalsproefheinings: Distrikte Gibeon en Rehoboth  
No. 135. Munisipaliteit, Otjiwarongo: Wysiging van Waterleweringsregulasies  
No. 136. Analitiese Ondersoeker: Aanstelling van  
No. 137. Munisipaliteit, Windhoek: Vleis- en Slagplaas-regulasies  
No. 138. Aanbring van Seëls op Versekeringspolisde deur middel van Seëlstempels  
No. 139. Regulasies vir die gebruik van Masjiene vir die Seël van Sekere belastbare Dokumente  
No. 140. Munisipaliteit, Walvisbaai: Wysiging van Riolerings- en Loodgietersregulasies  
No. 141. Sardyne en Maasbankers: Maksimale hoeveelheid wat verwerk mag word  
No. 142. Huweliksbevestiging: Aanstelling van  
No. 143. Prysbeheer: Maksimum pryse van Steenkool  
No. 144. Pakketpostariewe: Wysiging van  
No. 145. Prysbeheer: Maksimum Pryse van Kunsmis  
No. 146. Prysbeheer: Maksimum Pryse van Kruideniersware  
No. 770. (Unie). Departement van Spoorweë, Hawens en Lugdiens: Wysiging in Algemene Spoorwegregulasies  
No. 781. (Unie) Wet tot Regeling van Immigrasie, 1913: Amptenaar gemagtig om Tydelike Permitte en Identiteitsertifikate te onderteken  
No. 793. (Unie) S. A. Geneeskundige- en Tandheelkundige Raad: Reëls ten opsigte van die Registrasie van Fisioterapeute  
No. 794. (Unie) S. A. Geneeskundige- en Tandheelkundige Raad: Reëls ten opsigte van die Registrasie van Addisionele Kwalifikasies  
No. 795. (Unie) S. A. Geneeskundige- en Tandheelkundige Raad: Reëls betreffende die voorwaardes waarop Geregistreerde Masseurs hulle beroep mag beoefen  
No. 831. (Unie) S. A. Geneeskundige- en Tandheelkundige Raad: Reëls betreffende die behandeling van die sake van die Raad en ander Aangeleenthede

### GOVERNMENT NOTICES:—

- Contributions towards cost of Jackalproof Fencing: Districts of Gibeon and Rehoboth 450  
Municipality of Otjiwarongo: Amendment of Water Supply Regulations 450  
Analytical Examiner: Appointment of 450  
Municipality of Windhoek: Meat and Abattoir Regulations 451  
Stamping of Policies of Insurance by means of Impressed Stamps 459  
Regulations for the use of Machines for the Stamping of Certain Dutiable Documents 459  
Municipality of Walvis Bay: Amendment of Drainage and Plumbing Regulations 460  
Pilchards and Maasbankers: Maximum quantity permitted to be treated 461  
Marriage Officer: Appointment of 461  
Price Control: Maximum prices of Coal 461  
Parcel Post Tariffs: Amendment of 462  
Price Control: Maximum Prices of Fertilizers 465  
Price Control: Maximum Prices of Groceries 467  
(Union) Department of Railways, Harbours and Airways: Amendment to General Railway Regulations 467  
(Union) Immigrants' Regulation Act, 1913: Officer authorised to sign Temporary Permits and Certificates of Identity 468  
(Union) S. A. Medical and Dental Council: Rules for the Registration of Physiotherapists 468  
(Union) S. A. Medical and Dental Council: Rules regarding the Registration of Additional Qualifications 468  
(Union) S. A. Medical and Dental Council: Rules regarding the conditions under which Registered Masseurs may carry on their calling 469  
(Union) S. A. Medical and Dental Council: Rules relating to the conduct of Business of the Council and other Matters 470

### ALGEMENE KENNISGEWINGS:—

- No. 56. Yking: Landdrosdistrikte Gibeon en Maltahöhe  
No. 57. Invoerbeheer  
No. 58. Opgawe van Plase onder Kwarantyn — 1.5.1959  
No. 335. (Unie) S. A. Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad: Wysiging van Spesifikasies  
No. 346. (Unie) S. A. Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad: Verklaring van Handelsmerke

### GENERAL NOTICES:—

- Assizing: Magisterial Districts Gibeon and Maltahöhe 470  
Import Control 471  
Return of Farms under Quarantine — 1.5.1959 471  
(Union) S. A. Council for Scientific and Industrial Research: Amendment of Specifications 472  
(Union) S. A. Council for Scientific and Industrial Research: Declaration of Standardization Marks 472

### ADVERTENSIES:—

Boedelkennisgewings, ens., ens.

### ADVERTISEMENTS:—

Estate Notices, etc., etc. 473

## PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE DANIEL THOMAS DU PLESSIS  
VILJOEN, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-  
AFRIKA.

No. 35 van 1959.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat die volgende pad in die distrik van Windhoek 'n nuwe gedeelte is van Hoofpad 6 — Seksie 1 soos beskryf in Bylae II van Proklamasie 29 van 1953:—

Vanaf 'n punt op die oostelike grenslyn van die opgemete erwe van Klein Windhoek Dorp algemeen oos-suid-ooswaarts oor Gedeeltes A en B van Klein Windhoek Dorp en Dorpsgronde 70 tot by 'n punt op laasgenoemde plaas; dan algemeen oos-noordooswaarts oor Gedeelte B van Klein Windhoek Dorp en Dorpsgronde 70, Hoffnung 66, Gedeelte B van Klein Windhoek Dorp en Dorpsgronde 70, Hoffnung 66, Bellerode 67, Finkenstein 71, Bellerode 67, Kappsfarm 65 en Gedeelte A van Kappsfarm 65 om aan te sluit met Hoofpad 6 — Seksie 1 by 'n punt suid van die bestaande hotel op laasgenoemde plaas.

L.W. Die middellyn van die pad is geproklameer. Die padreserwe kan op die aangrensende plase val.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek, hierdie 26ste dag van Mei 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrateur.*

No. 36 van 1959.]

NADEMAAL dit wenslik is om die grense van die landdrosdistrikte Karibib en Windhoek in die Gebied Suidwes-Afrika te wysig;

SO IS DIT dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdheid my verleen by artikel *twee* van die Magistraatshowe Proklamasie 1935 (Proklamasie 31 van 1935) hierby proklameer, verklaar en bekend maak:—

1. Die Eerste Bylae van die Proklamasie ter Heroms krywing van Magistraatsdistrikte 1950 (Proklamasie 15 van 1950) soos gewysig word hierby gewysig —

- (a) deur die invoeging van die woorde „Sannieshof 357 geleë in die Registrasie Afdeling K” na die woorde „Kaltenhausen 89” in ITEM 6; en
- (b) deur die invoeging van die woorde „Tsammams 310, Mooirivier 360” na die woorde „Garums 300” waar hulle vir die eerste keer in ITEM 18 voorkom.

2. Hierdie Proklamasie heet die Verdere Wysigingsproklamasie op die Herbepaling van Landdrosdistrikte, 1959.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek, hierdie 23ste dag van Mei 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrateur.*

## PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE DANIEL THOMAS DU  
PLESSIS VILJOEN, ADMINISTRATOR OF SOUTH  
WEST AFRICA.

No. 35 of 1959.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that the following road in the district of Windhoek shall be a new portion of Trunk Road 6 — Section 1 as described in Schedule II of Proclamation 29 of 1953:—

From a point on the eastern limit of the surveyed Erven of Klein Windhoek Township, generally east-south-eastwards via Portions A and B of Klein Windhoek Town and Townlands 70 to a point on the last mentioned farm; thence generally east-northeastwards via Portion B of Klein Windhoek Town and Townlands 70, Hoffnung 66, Portion B of Klein Windhoek Town and Townlands 70, Hoffnung 66, Bellerode 67, Finkenstein 71, Bellerode 67, Kappsfarm 65 and Portion A of Kappsfarm 65 to connect with Trunk Road 6 — Section 1 at a point south of the existing Hotel on the last mentioned farm.

N.B. Centre line of the road is proclaimed. The road reserve may cross into adjoining farms.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal at Windhoek this 26th day of May, 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrator.*

No. 36 of 1959.]

WHEREAS it is expedient to amend the boundaries of the magisterial districts of Karibib and Windhoek in the Territory of South West Africa;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested by section *two* of the Magistrates' Courts Proclamation, 1935 (Proclamation 31 of 1935), I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. The First Schedule to the Re-definition of Magisterial Districts Proclamation, 1950 (Proclamation 15 of 1950), as amended, is hereby amended —

- (a) by the insertion in ITEM 6 after the words “Kaltenhausen No. 89” of the words “Sannieshof No. 357 situated in the Registration Division K”; and
- (b) by the insertion in ITEM 18 after the words “Garums No. 300” where they occur for the first time of the words “Tsammams No. 310, Mooirivier No. 360”.

2. This Proclamation shall be called the Re-definition of Magisterial Districts Proclamation Further Amendment Proclamation, 1959.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal at Windhoek this 23rd day of May, 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrator.*



No. 37 van 1959.]

NADEMAAL kennisgewing van die Registrateur van Aktes ontvang is dat die bepalings van artikel *vyftien* van die Dorpe-Ordonnansie 1928 (Ordonnansie 11 van 1928) soos gewysig, nagekom is ten opsigte van die gebied genoem die dorp KALKFELD;

SO IS DIT dat ek kragtens artikel *sestien* van genoemde Ordonnansie hierby proklameer, verklaar en bekend maak dat genoemde dorp KALKFELD, soos aangevys op Algemene Plan S. G. A 307/55, 'n goedgekeurde dorp is en voorts dat die stigting van genoemde dorp toegestaan is onderhewig aan die voorwaardes uiteengesit in die bylae hiervan, welke genoemde voorwaardes kragtens artikel *nege* van die genoemde Ordonnansie opgelê is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 16de dag van Mei 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrateur.*

BYLAE.

A. STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam van Dorp:*

Die dorp heet KALKFELD

2. *Samestelling van Dorp:*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan A. 307/55.

3. *Woordbepaling van applikant:*

Waar ook al die woord „*applikant*” in hierdie voorwaardes verskyn, dui dit op —

(i) Gertrude Anna Wilhelm  
Hedwig Helene Erasmus  
Else Schneider  
of hul titelopvolgers ten opsigte van deel 14 van Eisenberg 78;

(ii) Hedwig Helene Erasmus of haar titelopvolgers ten opsigte van deel 15 ('n stuk van deel A) van Eisenberg 78 en deel 4 van Spoorwegreserwe 459;

(iii) Else Emilie Antonie Martens of haar titelopvolgers ten opsigte van deel 22 ('n stuk van deel A) van Quelldamm 110;

(iv) Die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens ten opsigte van deel 5 van Spoorwegreserwe 459;

(v) Bernard Louis Hirschowitz en sy titelopvolgers ten opsigte van deel B van Eisenberg 78.

4. *Strate.*

(a) Die applikant moet alle verkeersversperrings op eie koste uit al die strate verwyder.

(b) Die Registrateur van Aktes mag die oordrag van geen erf, buiten dié genoem in paragraaf 6 hiervan, registreer nie, tensy die Administrateur of sy benoemde, of die plaaslike bestuur (waar dit gestig is) 'n sertifikaat aan hom verskaf het wat verklaar dat alle verkeersversperrings uit al die strate verwyder is.

5. *Skenking.*

(a) Geen erf, buiten dié wat in paragraaf 6 hiervan genoem word, mag verkoop, vervreem of verhuur word nie, voordat die applikant 'n skriftelike ooreenkoms met die Administrateur of sy benoemde aangegaan het waarin hy die betaling van 5% van die koopprys (by 'n verkoop) of van die getakseerde waarde (by vervreemding of verhuur) van die erf teenoor die Administrateur waarborg in trust vir 'n toekomstige plaaslike bestuur.

(b) Hierdie skenking moet kwartaalliks aan die Administrateur betaal word, en die Administrateur kan sodanige gelde wat hy in trust vir 'n plaaslike bestuur hou, van tyd tot tyd geheel of deels bestee en uitgee op die wyse wat hy goed vind aan dienste

No. 37 of 1959.]

WHEREAS notification has been received from the Registrar of Deeds that the provisions of section *fifteen* of the Townships Ordinance, 1928 (Ordinance 11 of 1928), as amended, have been complied with in respect of the area named the township KALKFELD;

NOW THEREFORE, in terms of section *sixteen* of the said Ordinance, I do hereby proclaim, declare and make known that the said KALKFELD, as represented by General Plan No. S. G. A. 307/55, is an approved township and further that the establishment of the said township has been sanctioned subject to the conditions set forth in the schedule hereto, which said conditions have been imposed in terms of section *nine* of the said Ordinance.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal at Windhoek this 16th day of May, 1959.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrator.*

SCHEDULE.

A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name of Township.*

The name of the Township shall be KALKFELD.

2. *Composition of Township.*

The township shall consist of erven, streets and open spaces as represented on General Plan No. A. 307/55.

3. *Definition of applicant.*

In these conditions wherever the word “*applicant*” is used it shall mean

(i) Gertrude Anna Wilhelm  
Hedwig Helene Erasmus  
Else Schneider  
or their successors in title, in respect of Portion 14 of Eisenberg No. 78;

(ii) Hedwig Helene Erasmus or her successors in title in respect of Portion 15 (a portion of Portion A) of Eisenberg No. 78 and Portion 4 of Railway Reserve No. 459;

(iii) Else Emilie Antonie Martens or her successors in title in respect of Portion 22 (a portion of Portion A) of Quelldamm No. 110;

(iv) The South African Railways and Harbours Administration in respect of Portion 5 of Railway Reserve No. 459;

(v) Bernard Louis Hirschowitz and his successors in title in respect of Portion B of Eisenberg No. 78.

4. *Streets.*

(a) The applicant shall at its own cost clear all streets of obstructions to traffic.

(b) The Registrar of Deeds shall not register the transfer of any erf, other than those referred to in paragraph 6 hereof, unless he has been provided with a certificate by the Administrator or his nominee, or by the local authority, if constituted, to the effect that the streets have been cleared of all obstructions to traffic.

5. *Endowment.*

(a) No erf, other than those referred to in paragraph 6 hereof, shall be sold, disposed of or leased until the applicant has entered into a written agreement with the Administrator or his nominee guaranteeing the payment of 5% of the purchase price in case of sale, or of the appraised value in case of disposal or lease, of the erf, to the Administrator in trust for a future local authority.

(b) Payment of this endowment shall be made quarterly to the Administrator, who may from time to time devote and expend in such manner as he may deem fit, the whole or any portion of such moneys held by him in trust for the local authority.

van 'n kapitale aard tot nut en voordeel van die inwoners van die dorp.

- (c) Die applikant moet geouditeerde kwartaalstate van ontvangste van die koopprys of, by vervreemding of verhuur, van die getakseerde waarde van erwe aan die Administrateur, of aan die plaaslike bestuur (wanneer dit gestig is) besorg. Die Administrateur of die plaaslike bestuur of 'n beampete wat behoorlik daartoe gemagtig is, het die reg om die applikant se boeke betreffende die verkoop, vervreemding of verhuur van erwe in die dorp, met die oog op ouditering na te gaan.
- (d) By die stigting van die plaaslike bestuur dra die Administrateur die gelde wat hy in hierdie verband ontvang het, of die saldo daarvan, oor aan die plaaslike bestuur, en daarna is die skenking aan die plaaslike bestuur betaalbaar.

#### 6. *Grond vir gebruik deur die Staat, die Munisipaliteit en die Publiek.*

- (a) Geen erf mag oorgedra word voordat die applikant die onderstaande erwe kosteloos oorgedra het aan —
- (i) die Departement Spoorweë en Hawens van die Regering van die Unie van Suid-Afrika: erwe 58, 59, 60 en 61.
- (ii) die Administrasie van Suidwes-Afrika: erf 141.
- (iii) aan die Administrateur in trust vir 'n toekomstige munisipaliteit: erwe 131, 140 (ontspanningsgrond) en 145 tot 154 (oop ruimtes).
- (b) erf 144 word gereserveer vir gebruik deur die Departement Spoorweë en Hawens van die Unie van Suid-Afrika.
- (c) Vir gebruik as dorpsgrond moet die ondervermelde stukke grond binne 'n redelike tyd na die dorp se stigtingsdatum kosteloos aan die Administrateur oorgedra word in trust vir 'n toekomstige munisipaliteit —
- (i) deur die applikant genoem in paragraaf (3)
- (i) hiervan
- (a) die stuk grond bekend as deel 13 van die plaas Eisenberg 78, groot 400.0005 hektaar;
- (b) die stuk grond bekend as deel 19, 'n stuk van deel A van die plaas Quelldamm 110, groot 4,672 vierkante meter;
- (c) die stuk grond bekend as deel 2 van die plaas Spoorwegreserwe 459, groot 2.7406 hektaar;
- (ii) deur die applikant genoem in paragraaf 3 (ii) hiervan
- (a) die stuk grond bekend as deel A van Eisenberg 78, groot ongeveer 86.6083 hektaar;
- (iii) deur die applikant genoem in paragraaf 3 (iii) hiervan
- (a) die stuk grond bekend as restant van deel A van die plaas Quelldamm 110, groot ongeveer 138.2894 hektaar;
- (b) die stuk grond bekend as deel 10 van die plaas Eisenberg 78, groot 1.0921 hektaar;
- (c) die stuk grond bekend as deel 3 van die plaas Spoorwegreserwe 459, groot 2.2627 hektaar;
- (d) die stuk grond bekend as deel 12 van die plaas Eisenberg 78, groot 7122 vierkante meter;
- (e) die stuk grond bekend as deel 1 van die plaas Spoorwegreserwe 459, groot 2.4075 hektaar.

#### 7. *Aangrensende grond mag nie bebou word nie.*

Buiten met die toestemming van die Administrateur handelende op aanbeveling van die Dorperaad mag geen gebou of struktuur hoegenaamd op grond geleë binne anderhalwe myl van die dorp opgerig word nie, uitgesonderd die dorpsgrond vermeld in paragraaf 6 (c) hiervan.

on services of a capital nature for the use and benefit of the inhabitants of the Township.

- (c) Quarterly audited statements of receipts of the purchase price, or in the case of disposal or lease, of the appraised value of erven shall be rendered by the applicant to the Administrator or the local authority when constituted. The Administrator or the local authority or any official duly authorised thereto shall have the right to inspect for the purposes of audit the applicant's books relative to the sale, disposal or lease of erven in the township.
- (d) On the constitution of the local authority the Administrator shall hand over the whole or balance of moneys received on this account and thereafter the endowment shall be payable to the local authority.
- #### 6. *Land for Government, Municipal and Public Purposes.*
- (a) No erf shall be transferred until the applicant has transferred free of all cost:—
- (i) To the Government of the Union of South Africa in its Railways and Harbours Administration: Erven 58, 59, 60 and 61.
- (ii) To the South West Africa Administration: Erf 141.
- (iii) To the Administrator in trust for a future Municipality: Erf 131, Erf 140 (Recreation Ground) and Erven Nos. 145 to 154 (open spaces).
- (b) Erf No. 144 shall be reserved for South African Railways purposes;
- (c) Within a reasonable time after the date of proclamation of this township there shall be transferred free of cost to the Administrator in trust, for a future Municipality, the following land for use as townlands:—
- (i) By applicant mentioned in paragraph 3 (i) hereof
- (a) That portion of land known as Portion 13 of the farm Eisenberg No. 78, measuring 400.0005 Hectares;
- (b) That portion of land known as Portion 19, a portion of Portion A of the farm Quelldamm No. 110 measuring 4,672 square metres;
- (c) That portion of land known as Portion 2 of the farm Railway Reserve No. 459 measuring 2.7406 Hectares;
- (ii) By applicant mentioned in paragraph 3 (ii) hereof
- (a) That portion of land known as Remainder of the farm Portion A of Eisenberg No. 78 measuring approximately 86.6083 Hectares.
- (iii) By applicant mentioned in paragraph 3 (iii) hereof
- (a) That portion of land known as Remainder of Portion A of the farm Quelldamm No. 110 measuring approximately 138.2894 Hectares;
- (b) That portion of land known as Portion 10 of the farm Eisenberg No. 78 measuring 1.0921 Hectares;
- (c) That portion of land known as Portion 3 of the farm Railway Reserve No. 459 measuring 2.2627 Hectares;
- (d) That portion of land known as Portion 12 of the farm Eisenberg No. 78 measuring 7,122 square metres;
- (e) That portion of land known as Portion 1 of the farm Railway Reserve 459 measuring 2.4075 Hectares.

#### 7. *Restriction of Buildings on Adjoining Land.*

Except with the consent of the Administrator acting on the recommendation of the Townships Board, no building or structure whatsoever shall be erected on any land, exclusive of the townlands referred to in paragraph 6 (c) hereof, situate within one and a half miles of this township.



8. *Boorgate en putte.*

Buiten met die Administrateur se toestemming mag die applikant op geen dorpserf vir water boor of dolwe nie: erf 144 egter uitgesonderd.

9. *Erf 53.*

Die applikant moet erf 53 aan die huidige eienaar van erf 57 verkoop, en daarna moet dié twee erwe as een beskou word en nie afsonderlik vervreem word nie, buiten met die Administrateur se toestemming.

B. REGULASIES.

10. *Regulasies op bouwerk en sanitasie.*

Tot tyd en wyl 'n plaaslike bestuur regulasies opstel, geld die onderstaande regulasies vir die dorp, uitgesonderd die erwe genoem in paragraaf 6 hiervan:—

- (a) Geen erf mag bebou word nie tensy daar 'n genoegsame voorraad gesonde water vir huishoudelike doeleindes beskikbaar is.
- (b) Elkeen wat 'n nuwe gebou wil oprig, moet die Administrateur skriftelik van sy voorneme kennis gee, en moet daarmee die bou- en blokplanne wat hieronder vereis word, ter goedkeuring by die Administrateur indien:  
Voordat sodanige goedkeuring verleen is, mag geen bouwerk of struktuur hoegenaamd opgerig word nie, en die goedkeuring kan geskied op voorwaardes wat die Administrateur na goeddunke stel.
- (c) Die herbouing van 'n gebou of van 'n deel van 'n gebou, wat afgebrand het of wat andersins vernietig of verwyder is, en elke byvoeging tot, of verandering aan, 'n bestaande gebou word by die toepassing van hierdie regulasies as 'n nuwe gebou beskou.
- (d) Elkeen wat 'n nuwe gebou op sy erf wil oprig, moet die volgende bouplanne, deur hom gedateer en geteken, voorlê, en wel in tweevoud:—  
(i) 'n blokplan volgens die skaal 1/600 wat die ware verhouding tussen die voorgestelde gebou en bestaande geboue of op dieselfde erf of op aanliggende erwe aandui;  
(ii) 'n bouplan volgens die skaal 1/100 van die voorgestelde gebou met die profiele en aansigte wat vereis word.
- (e) Geen gebou hoegenaamd mag strydig met die Administrateur se goedkeuringsvoorwaardes opgerig word nie, en geen deel van 'n gebou of struktuur mag uitsteek oor die bougrenslyne wat die titelvoorwaardes genoem in hierdie bylae voorskryf nie.
- (f) Geen grensomheining of muur van 'n afsigtelike aard, of gemaak van sinkplaat of yster, seildoek of 'n ander weefsel, mag opgerig word nie, en geen opening mag in 'n grensomheining of muur aangebring word nie buiten waar dit redelik nodig is om toegang tot die erf van die aanliggende straat af te verleen.
- (g) Geen gebou mag van hout of yster, hetsy met baksteen uitgevoer of nie, of van rou bakstene gebou word nie.
- (h) Nóg die eienaar nóg iemand anders mag enige materiaal uit 'n erf grawe nie, buiten om 'n perseel voor te berei vir bouwerk of tuinmaak.
- (i) Geen vuilgoed, afval, drek of uitvloeiisel hoegenaamd mag op 'n erf neergesit word nie.
- (j) Rioolvuil, drek of uitvloeiisel hoegenaamd mag nie in putte weggedoen word nie.
- (k) Die gebruik van putsekrete of rottingsriole is verbode.
- (l) Die eienaar moet 'n sindelike privaat met 'n betonvloer oprig, en dit van 'n behoorlike emmer en sitplek voorsien.
- (m) Die eienaar moet geskikte sanitasiegeriewe, soos uiteengesit in paragraaf 4 (1) hierbo, aanbring vir inboorlinge of kleurlinge wat hy op sy erf in diens het.

8. *Drilling for water.*

Except with the consent of the Administrator the applicant shall not drill or excavate for water on any erf in the township, except Erf 144.

9. *Erf 53.*

The applicant shall sell Erf 53 to the present owner of Erf 57, thereafter these two erven shall be treated as one and not be disposed of separately, without the consent of the Administrator.

B. REGULATIONS.

10. *Building and Sanitation Regulations.*

Pending the framing of regulations by a local authority the following regulations will apply to the township exclusive of land referred to in paragraph 6 hereof:—

- (a) No erf shall be built upon unless there is a sufficient supply of wholesome water available for domestic purposes.
- (b) Every person intending to erect a new building shall give notice of such intention in writing to the Administrator and shall deliver therewith such building and block plans as may be required hereunder for approval by the Administrator and thereafter no building or any structure whatsoever may be commenced until such approval has been obtained. Any such approval may be granted subject to such conditions as the Administrator may deem fit.
- (c) Re-erection of the whole or any part of any building removed or destroyed by fire or otherwise and any additions to or alterations of any existing building shall for the purpose of these regulations be deemed to be a new building.
- (d) Plans for the erection of new buildings shall be signed and dated by the owner and shall be submitted in duplicate as follows:—  
(i) A block plan drawn to scale 1/600 indicating the position of the proposed building in true relation to the positions of any existing buildings either on the erf or on adjoining erven.  
(ii) A building plan drawn to a scale of 1/100 of the building to be erected indicating such sections and elevations as may be required.
- (e) No building of any kind may be erected otherwise than in accordance with the approval granted by the Administrator and no portion of a building or a structure may encroach beyond the building restriction lines prescribed in the conditions of title referred to in this schedule.
- (f) No boundary fence or wall of an unsightly nature or constructed of galvanised or sheet iron, canvas or other fabric may be erected and no opening other than that reasonably required for entrance to the erf from the abutting street shall be provided in any boundary fence or wall.
- (g) No building shall be constructed of wood or iron whether bricklined or not, or composed of raw bricks.
- (h) Neither the owner nor any other person shall have the right, save and except to prepare a site for building or gardening purposes, to excavate any material from any erf.  
(i) No refuse, garbage or stercus whatsoever may be deposited on any erf.  
(j) Disposal of sewage, stercus or effluent of any kind in pits is not permitted.
- (k) The use of pit privies or septic tanks is prohibited.  
(l) Owners shall erect neat closets with concrete floors and provide them with proper pails and seats.
- (m) The owner shall make suitable sanitary arrangements as detailed in 10 (1) above for any native or coloured persons employed by him on the erf.

(n) Elkeen wat die bostaande regulasies oortree, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens £50, of, by wanbetaling, gevangenis van hoogstens een maand met of sonder dwangarbeid, en elkeen wat nalaat of weier om 'n bevel te gehoorsaam wat die Administrateur wettig aan hom verstrekk, is onderhewig aan 'n boete van £1 vir elke dag waarop hy sodanige bevel bly verontagsaam.

#### C. AFDWINGBAARHEID VAN VOORWAARDES.

11. (a) Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes van die dorp nakom: Met dien verstande dat die Administrateur die applikant van 'n bepaalde verpligting, of almal, kan onthef, en die verpligting(s) aan enige ander persoon of liggaam kan oplê.
- (b) As die applikant die Administrateur kennis gee dat hy nie meer bereid is om verleende bevoegdhede of opgelegde verpligtinge uit te oefen of na te kom nie, of ooit nalaat of versuim om die bedoelde bevoegdhede of verpligtinge uit te oefen of af te dwing wanneer hy daartoe gelas word, het die Administrateur of die plaaslike bestuur (wanneer dit gestig is) die reg om enige sodanige bevoegdhede en verpligtinge namens hom uit te oefen en na te kom op voorwaardes wat die Administrateur stel.

#### D. TITELVOORWAARDES.

12. Die onderstaande titelvoorwaardes moet aangeteken word op die transportakte van elke erf buiten die erwe genoem in paragraaf 6 hiervan —

Die onderstaande voorwaardes geld vir hierdie erf: Met dien verstande dat waar die Administrateur na oorleg met die Dorperaad meen dat dit wenslik is om die beperking in enige voorwaarde op te skort of te versag, hy die nodige opskorting of versagting kan magtig, en ander voorwaardes kan stel wat nagekom moet word.

##### (a) *Alle erwe:*

- (1) Die eienaar van hierdie erf moet sonder vergoeding toelaat dat boustowwe daarop neergesit word, of dat uitgrawings daarop gedoen word, as dit nodig blyk ter versekering dat 'n aanliggende straat tot op sy hele breedte onbelemmerd gebruik kan word, of ter beveiliging van 'n moontlike helling tussen die erf en die voltooide straat, tensy hy verkies om binne 'n redelike tydperk, gestel deur die Administrateur of die plaaslike bestuur, steunmure ten genoë van die Administrateur of die plaaslike bestuur te bou.
- (2) Die eienaar van hierdie erf moet sonder vergoeding toelaat dat die riool- en waterafvoer van enige erf of erwe, asook vloedwater, na goeddunke van die Administrateur of die plaaslike bestuur, en op sodanige wyse en plek soos van tyd tot tyd redelik nodig blyk, oor hierdie erf gelei word. Dit behels die reg van toetreding tot die erf te alle redelike tye ter inrigting, instandhouding, verandering, verwydering of ondersoeking van enige riool, mangat, kanaal, pypleiding, of ander verbandhoudende werk.
- (3) Die eienaar van hierdie erf mag nie vir water boor of dolwe nie.
- (4) Hierdie erf mag nie onderverdeel word nie.
- (5) Nóg die geheel, nóg 'n deel van hierdie erf mag aan 'n nie-blanke oorgedra, verhuur of hoegenaamd afgestaan word nie, en geen nie-blanke behalwe huisbediendes wat hulle dienste op die erf lewer, mag die erf bewoon of dit hoegenaamd beset nie. „Nie-blanke” beteken iemand van wie een of altwee van die ouers 'n lid is van enigeen van die inheemse rasse van Af-

(n) Any person found guilty of a breach of the foregoing regulations shall be liable to a fine, not exceeding £50 or in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding one month and anyone who neglects to obey an order legally tendered to him by the Administrator shall be liable to a fine of £1 for each day on which he continues to disobey such order.

#### C. ENFORCEMENT OF CONDITIONS.

11. (a) The applicant shall observe the conditions of establishment of the township, provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of its obligations and to vest these in any person or body of persons.
- (b) Should the applicant notify the Administrator that it is no longer prepared to exercise the power or duties conferred on it, or should the applicant at any time neglect or omit to enforce all or any of the said powers and duties when called upon to do so, the Administrator or the local authority, when constituted, shall have the right to exercise any such powers and duties in its stead and subject to such conditions as the Administrator may impose.

#### D. CONDITIONS OF TITLE.

12. The following conditions of title shall be registered in the deed of transfer of each erf except those referred to in paragraph 6 hereof:—

This erf shall be subject to the following conditions provided that where, in the opinion of the Administrator after consultation with the Townships Board, it is expedient that the restriction in any condition be suspended or relaxed he may authorise the necessary suspension or relaxation subject to compliance with such conditions as he may impose.

##### (a) *All Erven.*

- (1) The owner of this erf shall be obliged without compensation to receive the material or permit excavation on the erf as may be required, to allow full use of the full width of the street and to provide a safe and proper slope to its bank owing to the difference between the levels of the street as finally constructed and the erf, unless he elects to build retaining walls to the satisfaction of and within a period to be determined by the Administrator or the local authority.
- (2) The owner of this erf shall, without compensation, be obliged to allow the sewage and drainage, including stormwater of any erf or erven to be conveyed across this erf if deemed necessary by the Administrator or the local authority and in such a manner and position as may from time to time be reasonably required. This shall include the right of access to the erf at any reasonable time to construct, maintain, alter, remove or inspect any sewer, manhole, channel, conduit or other works pertaining thereto.
- (3) The owner of this erf shall not be permitted to drill or excavate for water.
- (4) This erf shall not be subdivided.
- (5) This erf or any portion thereof shall not be transferred, leased, or in any way disposed of to any coloured person and no coloured person other than the servants who render their services on the erf, shall be permitted to reside thereon or in any manner occupy the same. “Coloured person” shall mean a person, one of whose parents in a member of any one of the aboriginal races of Africa or any Asiatic or Cape Malay, or any per-



rika, of 'n Asiaat of Kaapse Maleier, of enigeen wat klaarblyklik 'n inboorling of kleurling is, en omvat 'n vennootskap of maatskappy, met of sonder regs persoonlikheid, waarvan die bestuur of beheer regstreeks of onregstreeks deur sodanige persoon uitgeoefen word, of by hom berus.

- (6) Geen melkery, huurstal, koeistal, slagpale, varkhok of hinderlike bedryf hoegenaamd mag op hierdie erf opgerig of gedryf word nie.
- „Hinderlike bedryf” beteken enigeen van die bedrywe genoem in paragraaf 1 (a) van Goewermentskennisgewing 141/1926 van 10 November 1926.
- (7) Geen beeste, varke, skape, bokke of trekdiere mag op hierdie erf aangehou word nie.
- (8) Buiten ter oprigting van 'n gebou op hierdie erf het nóg die eienaar nóg enigiemand anders die reg om op hierdie erf bakstene, teëls, erdewerkpype of iets dergeliks hoegenaamd te maak of te laat maak nie.
- (b) *Bykomende voorwaardes wat geld vir erwe 40 tot 42, 44 tot 46, 72 tot 113 en 142.*
  - (9) Hierdie erf mag net vir woondoeleindes gebruik word.
  - (10) Geen hotel, woonstelblok, skakelhuis of deelhuis mag op hierdie erf opgerig word nie, maar wel hoogstens een woonhuis met die buitegeboue wat gewonerwys daarby hoort.
  - (11) Geen gebou of struktuur, nóg 'n deel daarvan buiten grensmure of omheinings, mag nader as 8 meter van die straatlyn wat langs hierdie erf loop, of binne 3 meter van 'n gemeenskaplike sy- of agtergrens, opgerig word nie; Met dien verstande dat, met die toestemming van die Administrateur of die plaaslike bestuur, 'n enkelverdieping buitegebou, geen deel waarvan vir mensebewing gebruik mag word nie, opgerig kan word, maar nie nader as een meter van 'n sy- of agtergrens nie.
  - (12) Afgesien van buitegeboue, moet die gebou wat op hierdie erf opgerig word, minstens £1,500 werd wees.
  - (13) Hoogstens die helfte van die oppervlakte van hierdie erf mag bebou word.
- (c) *Bykomende voorwaardes wat geld vir erwe 1 tot 39, 47 tot 57, 62 tot 71, 114 tot 130, 132 tot 139, en 143.*
  - (9) Hierdie erf mag net vir sake- en/of woondoeleindes gebruik word: Met dien verstande dat geen skakelhuis of huurkamers daarop opgerig mag word nie.
  - (10) Behoudens die bepalings van 'n wet, 'n stadswet of regulasie, word die getal sakeondernemings wat op hierdie erf gestig en gedryf kan word, geensins beperk nie: Met dien verstande dat geen sakeonderneming wat oorwegend met nie-blankes handel, en geen inboorling-eethuis hoegenaamd op hierdie erf gedryf mag word nie.
  - (11) Geen gebou of struktuur wat bloot vir bewoning bestem is, nog 'n deel daarvan buiten grensmure of omheinings, mag nader as 8 meter van die straatlyn wat langs hierdie erf loop, opgerig word nie.
  - (12) As hierdie erf bloot ter bewoning bestem is, moet die voorgestelde gebou minstens £1,500 werd wees, buitegeboue uitgesonderd.
  - (13) As hierdie erf bloot ter bewoning bestem is, mag hoogstens die helfte van sy oppervlakte bebou word.
- (d) *Bykomende voorwaarde wat geld vir erf 43.*
  - (9) Hierdie erf mag net vir kerklike doeleindes gebruik word.

son who is, manifestly a native or coloured person, and shall include any partnership or company, whether incorporated or otherwise, in which the management or control is directly or indirectly held by or vested in such person.

- (6) No dairy, livery stable, cowshed, slaughterpole, piggery or any offensive trade shall be established or conducted on this erf.
- “Offensive trade” shall mean any of those trades referred to in Section 1 (a) of Government Notice No. 141/1926 dated 10th November, 1926.
- (7) No cattle, pigs, sheep, goats or draught animals shall be kept on this erf.
- (8) Except for the purpose of erecting a building on this erf, neither the owner nor any other person shall have the right to make or cause to be made for any person any bricks, tiles, earthenware pipes or any articles of such nature on this erf.
- (b) *Additional conditions applicable to erven 40 to 42, 44 to 46, 72 to 113 and 142.*
  - (9) This erf shall be used for residential purposes only.
  - (10) No hotel, block of flats, semi-detached or tenement houses and not more than one dwelling together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on this erf.
  - (11) No building or structure or any portion thereof except boundary walls or fences shall be erected nearer than 8 metres to the street line which forms a boundary of this erf nor within 3 metres of any lateral or rear boundary common to an adjoining erf, provided that with the consent of the Administrator or the local authority a single storey outbuilding, no portion of which shall be used for human habitation, may be erected not closer than one metre to a rear or lateral boundary.
  - (12) The dwelling to be erected on this erf, exclusive of outbuildings, shall be of a value not less than £1,500.
  - (13) Not more than half the area of this erf shall be built upon.
- (c) *Additional conditions applicable to erven 1 to 39, 47 to 57, 62 to 71, 114 to 130, 132 to 139 and 143.*
  - (9) This erf shall be used for commercial and/or residential purposes only, provided that no semi-detached or tenement dwelling houses may be erected.
  - (10) Subject to the provisions of any law, by-law or regulation, there shall be no limitation to the number of shops or businesses that may be established or conducted on this erf; provided that no business carried on mainly with persons other than Europeans and no business of a native eating house of any description shall be conducted on this erf.
  - (11) No building or structure or any portion thereof, except boundary walls or fences, intended purely for residential purposes, shall be erected nearer than 8 metres to the street line which forms a boundary of this erf.
  - (12) If this erf is intended to be used purely for residential purposes, the dwelling to be erected, exclusive of outbuildings, shall be of a value not less than £1,500.
  - (13) If this erf is intended to be used purely for residential purposes, not more than half the area shall be built upon.
- (d) *Additional condition applicable to Erf No. 43.*
  - (9) This erf shall be used for ecclesiastical purposes only.

## Goewermentskennisgewings.

## Government Notices.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,  
Sekretaris van Suidwes-Afrika

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

The following Government Notices are published for general information.

C. F. MARAIS,  
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 134.] [15 Junie 1959.

### BYDRAES TOT DIE KOSTE VAN JAKKALSPROEFHEININGS: DISTRIKTE GIBEON EN REHOBOTH.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en in gevolge die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *een* van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningsproklamasie, 1957, (No. 6 van 1957), soos gewysig deur subartikel (a) van artikel *een* van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningsproklamasie 1958, (No. 6 van 1958), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van die bylae tot Goewermentskennisgewing No. 202 van 15 Augustus 1958, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No. 73 van 15 April 1959, deur die invoeging van die woorde „Gedeelte 1 van Sekretarispan No. 191, Restant van Sekretarispan No. 191, Gedeelte 1 van Sekretarispan No. 191, Restant van Blankenese No. 140, Gedeelte 1 (Misgund) van Blankenese No. 140, Gomaub Süd No. 139” na die woorde „Gomaub Süd No. 139”.

No. 135.] [15 Junie 1959.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en in gevolge die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) van artikel *eenhonderd-en-sestig* gelees met artikel *eenhonderd-nege-en-negentig* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949), soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewings Nos. 322 van 1945 en 123 van 1952.

### MUNISIPALITEIT VAN OTJIWARONGO.

#### WYSIGING VAN WATERLEWERINGSREGULASIES.

Die Waterleweringsregulasies van die Munisipaliteit van Otjiwarongo word hierby soos volg gewysig:—

- (a) Die byvoeging van die woorde „of 'n bankwaarborg ten bedrae van £2.2.0 gee” na die woord „betaal” waar dit voorkom in Regulasie 47*bis*.
- (b) Bylae „B” Tarief 1 te skrap en te vervang met die volgende nuwe Bylae „B” Tarief 1:—

„1. Vir water met uitsluiting van water wat aan persele gelewer word wat die eiendom is van die Administrasie van Suidwes-Afrika of van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Administrasie, 10d. per 100 gellings of gedeelte daarvan met 'n minimale aanslag van 15/- per maand.”

Die bostaande tarief sal in werking tree met ingang 1 Julie 1959.

No. 136.] [15 Julie 1959.

### AANSTELLING VAN ANALITIESE ONDERSOEKER.

Dit het die Administrateur behaag om, in gevolge die bepaling van artikel *vier* van die Suiwelynerheid Ordonnansie, 1926 (Ordonnansie 2 van 1926) die volgende persoon aan te stel as mikroskopiese, bakteriologiese en analitiese ondersoeker vir die doeleindes van voormelde Ordonnansie en van die Ordonnansie op die Beheer van

No. 134.] [15th June, 1959.

### CONTRIBUTIONS TOWARDS COST OF JACKALPROOF FENCING — DISTRICTS OF GIBEON AND REHOBOTH.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by sub-section (1) of section *one* of the Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1957, (No. 6 of 1957), as amended by sub-section (a) of section *one* of the Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1958, (No. 6 of 1958), to approve of the amendment of the Schedule to Government Notice No. 202 of the 15th August, 1958, as amended by Government Notice No. 73 of the 15th April 1959, by the addition of the words “Portion 1 of Sekretarispan No. 191, Remainder of Sekretarispan No. 191, Portion 1 of Sekretarispan No. 191, Remainder of Blankenese No. 140, Portion 1 (Misgund) of Blankenese No. 140, Gomaub Süd No. 139” after the words “Gomaub Süd No. 139.”

No. 135.] [15th June, 1959.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by subsection (3) of section *one hundred and sixty* read with section *one hundred and ninety-nine* of the Municipal Ordinance 1949 (No. 3 of 1949) as amended to approve of the under-mentioned amendments to the regulations published under Government Notice No. 322 of 1945 and Government Notice No. 123 of 1952.

### MUNICIPALITY OF OTJIWARONGO.

#### AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS.

The Water Supply Regulations of the Municipality of Otjiwarongo are hereby amended by:—

- (a) Insertion of the words “or give a bank guarantee of the amount of £2.2.0” after the figures £2.2.0 where they appear in regulation 47*bis*.
- (b) Deletion of Schedule “B”, Tariff 1 and substitution therefor by the following new Schedule “B”, Tariff 1:—

Bechuanaland Protectorate:—																						
Kasane	1	7	3	2	4	9	6	4	7	11	9	6	11	1	12	8	14	3	15	10	17	5
French Equatorial Africa	3	7	5	6	9	1	11	0	12	11	14	10	16	9	20	3	22	2	24	1	26	0

No. 145.] [15 Junie 1959. No. 145.] [15th June, 1959.

PRYSBEHEER.

PRICE CONTROL.

MAKSIMUM PRYSE VAN KUNSMIS.

MAXIMUM PRICES OF FERTILIZERS.

Ek, Johannes Jacobus Kitshoff, Adjunk-pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Pryscontroleur verleen kragtens regulasie 1 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, bepaal hierby, kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, vir Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, soos volg:—

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Johannes Jacobus Kitshoff, Deputy-Price Controller, acting by virtue of the powers assigned to me by the Price Controller, in terms of regulation 1 of War Measure No. 49 of 1946, prescribe hereby, throughout South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay, as follows:—

1. Die maksimum pryse waarteen kunsmis en kunsmismengsels verkoop mag word, is die volgende:—

1. The maximum prices of fertilizers and fertilizer mixtures are —

- (1) Waar die totale hoeveelheid wat verkoop word 1,000 lb. of meer is, is die maksimum pryse dié pryse per ton wat in die Bylaes hiervan (uitgesonderd die Vierde Bylae) aangegee word;
- (2) waar die hoeveelheid wat verkoop word, minder as 1,000 lb. maar nie minder as 100 lb. is nie, staan die maksimum pryse in verhouding tot die pryse per ton wat in voornoemde Bylaes aangegee word, plus 'n bedrag bereken teen 'n tarief van hoogstens 10s. per ton;
- (3) waar enige sodanige kunsmis of kunsmismengsel vir herverkoop aangekoop word en vanuit die herverkoper se voorraad verkoop word, is die maksimum pryse dié wat in subparagraaf (1) of subparagraaf (2) hierbo (nl. dié wat van toepassing is) aangegee is, plus —
  - (i) 'n bedrag bereken teen 'n tarief van 15s. per ton;
  - (ii) die spoorvrag en/of karweikoste wat werklik op die kunsmis of kunsmismengsel van die leweransier se stasie na die pakhuis van die herverkoper betaal is; met dien verstande dat ten opsigte van kunsmis of kunsmismengsel verskaf deur die firma Fisons (Edms.) Beperk, uit hul fabriek te Sasolburg, die spoorvrag wat bygetel moet word dié is wat betaalbaar is op voorrade per spoor versend na die herverkoper se naaste stasie of in die geval van aflewering by die fabriek, die spoorvrag na die fabriek vanaf òf Umbogintwini òf Firgrove, nl. die minste, en die maksimum pryse aldus bereken vry op spoor, herverkoper se stasie, is;

- (1) where the total quantity sold is 1,000 lb. or more the maximum prices are at the prices per ton specified in the Schedules (excluding the Fourth Schedule) hereto;
- (2) where the quantity sold is less than 1,000 lb. but not less than 100 lb. the maximum prices are proportionate to the prices per ton specified in the aforesaid Schedule plus an amount calculated at a rate not exceeding 10s. per ton;
- (3) where any such fertilizer or fertilizer mixture is purchased for resale and is resold from the reseller's stock the maximum prices are those specified in sub-paragraph (1) or sub-paragraph (2) above (whichever may be applicable) plus —
  - (i) an amount calculated at the rate of 15s. per ton;
  - (ii) the railage and/or cartage actually paid on such fertilizer or fertilizer mixture from the station of the supplier thereof to the store of the reseller; provided that in respect of fertilizer or fertilizer mixture supplied by Messrs. Fisons (Pty.) Ltd., *ex* their factory at Sasolburg the railage to be added is that payable on supplies railed to the reseller's nearest station, or in the case of deliveries at factory, the railage to the factory, from either Umbogintwini or Firgrove, whichever is the lesser, and the maximum prices so determined shall be free on rail reseller's station;

met dien verstande dat wanneer genoemde kunsmis of kunsmismengsel op 'n ander wyse as vir kontant met bestelling verkoop word, die maksimum prys van die kunsmis of kunsmismengsel in die betrokke Bylae hiervan voorgeskryf, behoudens die bepaling van paragraaf 2 hiervan, verhoog mag word met hoogstens 25 persent op voorwaarde dat die verkoper aan die koper 'n minimum korting ooreenkomstig onderstaande skaal moet toestaan wanneer betaling binne die aangegewe tydperk geskied of aangebied word:—

provided that where any such fertilizer or fertilizer mixture is sold otherwise than for cash with order, the maximum price for such fertilizer or fertilizer mixture, as prescribed in the relevant Schedules hereto, may, subject to the provisions of paragraph 2 hereof, be increased by not more than 25 per cent on condition that the seller shall allow the purchaser a minimum discount in accordance with the following scale upon payment being made or tendered within the period specified:—

As betaling geskied binne die volgende tydperke vanaf die laaste dag van die maand waarin afsending plaasvind:—

If payment is made within the following periods, calculated from the last day of the month within which despatch is effected:—

	Minimum korting persent.
Een maand	17½
Twee maande	15
Drie maande	12½
Vier maande	10
Vyf maande	7½
Ses maande	5

	Minimum Discount Per Cent.
One month	17½
Two months	15
Three months	12½
Four months	10
Five months	7½
Six months	5

2. Die verhoging waarvoor in die voorbehoudsbepaling van paragraaf 1 hiervan voorsiening gemaak word, mag nie bygevoeg word nie tensy die verkoper aan die volgende voorwaardes voldoen:—

- (i) „Kontant met bestelling”-verkope mag nie ten gunste van kredietverkope van die hand gewys word nie; en
- (ii) wanneer die koper krediet verlang en dit aan hom toegestaan word, mag die verkoper geen voorwaarde stel dat betaling vir 'n minimum tydperk uitgestel moet word nie, of mag hy nie die koper se reg beperk om te eniger tyd voor die afloop van die ooreengekome krediettydperk te betaal en die voordeel van die betrokke korting te kry nie.

3. Vir die toepassing van hierdie kennisgewing, beteken „kontant met bestelling” ook kontant wat voor versending betaal of aangebied is.

4. Die pryse in die Vierdie Bylae hiervan is die maksimum pryse waarteen 'n handelaar die kunsmis en kunsmismengsels daarin gemeld, aan iemand wat nie 'n handelaar is nie, kan verkoop in die pakke soos gespesifiseer.

5. 'n Breuk van 1d. in 'n maksimum prys wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing bereken word vir die verkoop, op 'n bepaalde tyd, van kunsmis of kunsmismengsel kan as 1d. beskou word afgesien daarvan of dit die prys van 'n enkele eenheid is of die totale prys van meer as een eenheid wat bereken is volgens die prys wat op enige getal sodanige eenhede van toepassing is.

6. Waar kunsmis of kunsmismengsel per spoor gestuur word aan, of aan die order van die koper, is die maksimum prys wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing bereken word, vry op spoor verkoper se stasie; met dien verstande dat ten opsigte van kunsmis of kunsmismengsel verskaf deur die firma Fisons (Edms.), Beperk, uit hul fabriek te Sasolburg, die maksimum pryse verhoog kan word met 'n bedrag gelyk aan die spoorvrag op soortgelyke kunsmis na die koper se naaste stasie, of in die geval van aflewering by die fabriek, die spoorvrag na die fabriek vanaf Umbogintwini of Firgrove, nl. die minste, en die maksimum pryse aldus bereken vry op spoor koper se naaste stasie is, of by die fabriek, na gelang van die geval.

7. Onderstaande Goewermentskennisgewings betreffende die maksimum pryse van kunsmis word hierby ingetrek, naamlik:—

- No. 209 van 15 Augustus 1957.
- No. 59 van 15 Maart 1958.
- No. 60 van 15 Maart 1958.
- No. 51 van 16 Maart 1959.

J. J. KITSHOFF,  
Adjunk-pryskontroleur.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat dit alle vorige kennisgewings konsolideer, en vir kunsmis of kunsmismengsel wat deur die fabriek te Sasolburg verskaf word, dieselfde pryse voorskryf as wat gevorder mag word vir soortgelyke kunsmis verskaf deur fabriek te of Umbogintwini of Somerset-Wes, nl. dié wat die naaste aan die koper se stasie is.

#### EERSTE BYLAE.

Soort kunsmis.	Maksimum prys per ton (2,000 lb.) in sakke.		
	£	s.	d.
Superfosfaat „H.G.”	11	0	6
Basiese super „H.G.”	11	9	0
Super- en rufosfaat 1 : 1	11	4	0
Rufosfaat „H.G.”	11	1	6
Ammoniumsulfaat	20	15	0
Ammoniumnitraat „H.G.”	28	0	0
Kalksteenammoniumnitraat	22	5	0
Ureum	46	10	0
Chloried van potas	20	8	0
Sulfaat van potas	26	13	0
Potasmagnesia	18	17	0
Basiese slakmeel, hoë graad	12	3	6
Basiese slakmeel, laë graad	11	12	0

2. The increase for which provision is made in the proviso to paragraph 1 hereof may not be made unless the seller complies with the following conditions:—

- (i) “Cash with order” sales shall not be refused in favour of credit sales; and
- (ii) where the purchaser seeks credit and this is granted to him, the seller shall make no stipulation that payment shall be deferred for any minimum period or any stipulation limiting the purchaser's right to make payment at any time prior to the expiration of the agreed period of credit and to obtain the benefit of the appropriate rebate.

3. For the purpose of this notice “cash with order” includes cash paid or tendered before despatch.

4. The prices specified in the Fourth Schedule hereto are the maximum prices at which the fertilizers and fertilizer mixtures mentioned therein may be sold in the packings specified by a dealer to a person who is not a dealer.

5. Any fraction of 1d. in a maximum price determinable in accordance with this notice for a sale at any one time of any fertilizer or fertilizer mixture whether it be the price of a single unit or the total price of more than one unit resulting from the computation of the price applicable to any number of such units, may be regarded as 1d.

6. Where any fertilizer or fertilizer mixture is railed to or to the order of the purchaser the maximum prices determinable in accordance with this notice are free on rail seller's station; provided that in respect of fertilizer or fertilizer mixture supplied by Messrs. Fisons (Pty), Ltd., *ex* their factory at Sasolburg the maximum prices may be enhanced to the extent of the railage on similar fertilizer to the purchaser's nearest station, or in the case of deliveries at factory. The railage to the factory from either Umbogintwini or Firgrove, whichever is the lesser, and the maximum prices so determined shall be free on rail purchaser's nearest station or, at factory, as the case may be.

7. The following Government Notices relating to the maximum prices of fertilizers are hereby withdrawn, namely:—

- No. 209 of 15th August, 1957.
- No. 59 of 15th March, 1958.
- No. 60 of 15th March, 1958.
- No. 51 of 16th March, 1959.

J. J. KITSHOFF,  
Deputy-Price Controller.

NOTE.—The effect of this notice is to consolidate all previous notices and to prescribe for fertilizer or fertilizer mixture supplied by the factory at Sasolburg the same price as may be chargeable for similar fertilizer supplied by the factories at either Umbogintwini or Somerset West, whichever is nearer to purchaser's station.

#### FIRST SCHEDULE.

Type of Fertilizer.	Maximum Price per ton (2,000 lb.) Bagged.		
	£	s.	d.
Superphosphate H. G.	11	0	6
Basic Super H. G.	11	9	0
Super and raw phosphate 1:1	11	4	0
Raw phosphate H. G.	11	1	6
Ammonium sulphate	20	15	0
Ammonium nitrate H. G.	28	0	0
Limestone ammonium nitrate	22	5	0
Urea	46	10	0
Muriate of potash	20	8	0
Sulphate of potash	26	13	0
Potash magnesia	18	17	0
Basic slag, high grade	12	3	6
Basic, low grade	11	12	0



TWEEDE BYLAE.

Soort kunsmis.	Maksimum prys per ton (2,000 lb.) in sakke.
	£ s. d.
Ammoniaksuperfosfaat „H.G.” (korrels)	13 17 6

DERDE BYLAE.

Kunsmismengsels.	Maksimum prys per ton (2,000 lb.) in sakke.
	£ s. d.
0 : 12 : 20	15 19 6
0 : 15 : 10	14 4 6
0 : 17 : 7	14 5 6
3 : 13 : 8	15 3 6
3 : 15 : 3	14 11 6
3 : 19 : 0	16 13 6
5 : 13 : 5	16 0 0
5 : 14 : 0	14 17 0
6 : 26 : 6	29 6 0
10 : 6 : 10	18 9 0
13 : 7 : 0	18 6 6
15 : 0 : 15	21 9 0
2 : 12 : 6 (½ org. N.)	14 4 0
3 : 13 : 3 (½ org. N.)	15 3 6
4 : 10 : 6 (½ org. N.)	16 1 6
6 : 10 : 3 (½ org. N.)	17 19 6

SECOND SCHEDULE.

Type of Fertilizer.	Maximum Price per ton (2,000 lb.) Bagged.
	£ s. d.
Ammoniated superphosphate H.G. granulated	13 17 6

THIRD SCHEDULE.

Fertilizer Mixtures	Maximum Price per ton (2,000 lb.) Bagged.
	£ s. d.
0 : 12 : 20	15 19 6
0 : 15 : 10	14 4 6
0 : 17 : 7	14 5 6
3 : 13 : 8	15 3 6
3 : 15 : 3	14 11 6
3 : 19 : 0	16 13 6
5 : 13 : 5	16 0 0
5 : 14 : 0	14 17 0
6 : 26 : 6	29 6 0
10 : 6 : 10	18 9 0
13 : 7 : 0	18 6 6
15 : 0 : 15	21 9 0
2 : 12 : 6 (½ org. N.)	14 4 0
3 : 13 : 3 (½ org. N.)	15 3 6
4 : 10 : 6 (½ org. N.)	16 1 6
6 : 10 : 3 (½ org. N.)	17 19 6

Provided that in the case of granulated mixtures the prices specified in this Schedule may be increased by 10s. per ton (2,000 lb.).

Met dien verstande dat die pryse van korrelmengsels wat in hierdie Bylae aangegee word met 10s. per ton (2,000 lb.) verhoog kan word.

VIERDE BYLAE.

Soort Kunsmis	Maksimum prys per sak van —
	5 lb. 10 lb. 25 lb.
	s. d. s. d. s. d.
5 : 13 : 5	2 9 5 3 8 0
6 : 10 : 3 halforganies	3 0 5 3 8 0
Superfosfaat H.G.	— — 6 9
Ammoniumsulfaat	— 4 9 9 0

FOURTH SCHEDULE.

Type of Fertilizer.	Maximum Price per Packing of —
	5 lb. 10 lb. 25 lb.
	s. d. s. d. s. d.
5 : 13 : 5	2 9 5 3 8 0
6 : 10 : 3½ organic	3 0 5 3 8 0
Superphosphate H.G.	— — 6 9
Sulphate of ammonia	— 4 9 9 0

No. 146.]

[15 Junie 1959.

No. 146.]

[15th June, 1959.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN KRUIDENIERSWARE.

Ek, Pieter Gerhardus Cloete Rousseau, Adjunk-pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Pryscontroleur verleen kragtens regulasie 1 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, wysig hierby kragtens genoemde Oorlogsmaatreël, Goewermenskennisgewing No. 104 van 15 Mei 1959 deur die volgende sin aan die slot van die „OPMERKING” daarvan by te voeg:—

Goewermenskennisgewing No. 270 van 15 Oktober 1958 wat betrekking het op die maksimum pryse van kruideniersware (gedroogte vrugte) word hierby herroep.

P. G. C. ROUSSEAU,  
Adjunk-Pryscontroleur.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF GROCERIES.

In terms of War Measure No. 49 of 1946, I Pieter Gerhardus Cloete Rousseau, Deputy Price Controller, acting by virtue of the powers assigned to me by the Price Controller in terms of regulation 1 of the said War Measure, hereby amend Government Notice No. 104 of the 15th May, 1959, by the addition of the following sentence at the end of the “NOTE” thereof:—

Government Notice No. 270 of the 15th October, 1958, relating to the maximum prices of groceries (dried fruits) is hereby withdrawn.

P. G. C. ROUSSEAU,  
Deputy Price Controller.

No. 770 (Unie).]

[22 Mei 1959.

No. 770 (Union).]

[22nd May, 1959.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEE, HAWENS EN LUGDIENS: WYSIGING IN ALGEMENE SPOORWEG-REGULASIES.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om kragtens artikel drie van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens (Wet 70 van 1957) goedkeuring te verleen aan die herroeping en vervanging van Algemene Spoorwegregulasies Nos. 21 en 22 (a) soos volg:

21. Wanneer kompartemente en koepees beskikbaar is, kan dit op aansoek by en na goeddunke van die Administrasie bespreek word vir afstande van meer as 25 myl teen betaling van die prys vir vier volle gewone eersteklas- of ses volle gewone tweedeklaskaartjies per kompartement, min 40 persent, of twee volle gewone eersteklas-

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS — AMENDMENT TO GENERAL RAILWAY REGULATIONS.

His Excellency the Governor-General has, by virtue of Section three of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act (No. 70 of 1957), been pleased to approve of the repeal and substitution of General Railway Regulations Nos. 21 and 22 (a) as follows:

21. Compartments and coupés, when available, may, on application to and at the discretion of the Administration, be reserved for distances exceeding 25 miles upon payment of four full ordinary first class or six full ordinary second class fares per compartment, less 40 percent, or two full ordinary first class or three full ordinary second class fares

of drie volle gewone tweedeklaskaartjies per koepee, min 40 persent; met dien verstande dat geen laer koste gevorder word nie as die volle gewone prys vir die werklike getal passasiers wat in bespreekte kompartemente of koepees reis. As vier volwasse passasiers byvoorbeeld in 'n eerste klas-kompartement reis, word die prys vir vier volle gewone kaartjies gehef.

Hierdie regulasie is nie op die padvervoerdiens van toepassing nie.

22. (a) Passasierswaens vir lang reise kan na goeddunke van die Administrasie bespreek word teen betaling van die gewone reisegeld met 'n minimum van 13 1/5de, 14 2/5des en 15 3/5des volle eerste klaspryse vir eerste klaspassasierswaens met plekke onderskeidelik vir 22, 24 en 26 passasiers, en 'n minimum van 23 2/5des en 25 1/5de volle tweedeklaspryse vir tweedeklaspassasierswaens met plekke onderskeidelik vir 39 en 42 passasiers.

per coupé, less 40 per cent, provided that no lower charge shall be made than the full ordinary fares for the actual number of passengers travelling in reserved compartments or coupés, e.g. if four adult passengers travel in a first class compartment, four full ordinary fares will be charged.

This regulation will not apply to the road transport services.

22. (a) Saloon coaches for long journeys may, at the discretion of the Administration, be reserved on payment of the ordinary fares with a minimum of 13 1/5th, 14 2/5ths and 15 3/5ths full first class fares for first class saloon coaches having a complement of 22, 24 and 26 passengers respectively, and a minimum of 23 2/5ths and 25 1/5th full second class fares for second class saloon coaches having a complement of 39 and 42 passengers respectively.

No. 781 (Unie).]

[13 Mei 1959.

WET TOT REGELING VAN IMMIGRATIE, 1913 —  
AMPTENAAR GEMAGTIG OM TYDELIKE PERMITTE  
EN IDENTITEITSERTIFIKATE TE ONDERTEKEN.

Kragtens subartikel (2) van artikel *drie-en-twintig* van die Wet tot Regeling van Immigrasie, 1913 (Wet No. 22 van 1913), soos gewysig, magtig ek, Jozua Francois Naudé, Minister van Binnelandse Sake, hierby mnr. Dormehl Vosloo, Eerste Immigrasie- en Verkiesingsbeampte op die dienststaat van die Kommissaris van Immigrasie en Asiatesake te Windhoek, om tydelike permitte en identiteitsertifikate wat ooreenkomstig subartikel (1) en (2) van artikel *vyf-en-twintig* van voormelde Wet uitgereik mag word, en dié ander sertifikate en dokumente wat ooreenkomstig die regulasies wat kragtens die Wet uitgevaardig is, uitgereik mag word, met ingang 1 April 1959 te onderteken.

No. 781 (Union).]

[13th May, 1959.

IMMIGRANTS' REGULATION ACT, 1913 — OFFICER  
AUTHORISED TO SIGN TEMPORARY PERMITS AND  
CERTIFICATES OF IDENTITY.

Under sub-section (2) of section *twenty-three* of the Immigrants' Regulation Act, 1913 (Act No. 22 of 1913), as amended, I Jozua Francois Naudé, Minister of the Interior, hereby authorise Mr. Dormehl Vosloo, Principal Immigration- and Electoral Officer, on the establishment of the Commissioner for Immigration and Asiatic Affairs at Windhoek, to sign temporary permits and certificates of identity which may be issued in terms of sub-section (1) and (2) of section *twenty-five* of the aforementioned Act, and such other certificates and documents as may be issued under the regulations framed under the Act, from the 1st April, 1959.

No. 793 (Unie).]

[29 Mei 1959.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN  
TANDHEELKUNDIGE RAAD.  
REËLS TEN OPSIGTE VAN DIE REGISTRASIE VAN  
FISIOTERAPEUTE.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), goedkeuring geheg aan die wysiging van die reëls wat die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens artikel *twee-en-dertig* van genoemde Wet opgestel het en wat by Goewermentskennisgewing No. 1556 van 1944, soos gewysig, afgekondig is, deur die skraping in reël 3, van paragraaf (f).

No. 793 (Union).]

[29th May, 1959.

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL  
COUNCIL.  
RULES FOR THE REGISTRATION OF  
PHYSIOTHERAPISTS.

The Minister of Health in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved of the amendment of the rules made by the South African Medical and Dental Council under section *thirty-two* of the said Act and published under Government Notice No. 1556 of 1944, as amended, by the deletion in rule 3, of paragraph (f).

No. 794 (Unie).]

[29 Mei 1959.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN  
TANDHEELKUNDIGE RAAD.  
REËLS TEN OPSIGTE VAN DIE REGISTRASIE VAN  
ADDISIONELE KWALIFIKASIES.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan onderstaande wysiging van die reëls deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad opgestel kragtens paragraaf (h) van subartikel (2) van genoemde artikel van die Wet en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 2440 van 15 Desember 1955.

Deur die toevoeging van die volgende verdere kwalifikasies onder die opskrif —

No. 794 (Union).]

[29th May, 1959.

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL  
COUNCIL.  
RULES REGARDING THE REGISTRATION OF  
ADDITIONAL QUALIFICATIONS.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved of the following amendment of the rules made by the South African Medical and Dental Council under paragraph (h) of sub-section (2) of the said section of the Act and published under Government Notice No. 2440 of the 15th December, 1955.

By the addition thereto of the following further qualifications under the heading —



(a) Geneeshere:

Lisensieringsowerheid.	Kwalifikasie	Afkorting vir Registrasie.
Suid-Afrikaanse Kollege van Interniste.	Diploma in Psigiatryse Medisyne.	D.P.M. (K.I.S.A.)
Suid-Afrikaanse Fakulteit van Narkotieseurs.	Lidmaatskap.	L.F.N. (S.A.)
Universiteit van McGill.	Diploma in Volks-gesondheid.	D.P.H., Univ. McGill.
Universiteit van Pretoria.	Diploma in Volks-gesondheid.	D. V. G., Univ. Pret.
Universiteit van Stellenbosch.	Magister in Geneeskunde (Patologie)	M.Med. (Path.), Univ. Stell.
Universiteit van Stellenbosch.	Magister in Geneeskunde (Radiologiese Diagnose)	M. Med. (Rad. D.), Univ. Stell.
Universiteit van Stellenbosch.	Magister in Geneeskunde (Oogheelkunde)	M.Med. (Ophth.), Univ. Stell.
Universiteit van Stellenbosch.	Magister in Geneeskunde (Oor-, Neus- en Keelheelkunde)	M.Med. (L. et O.), Univ. Stell.

Deur die toevoeging van die volgende verdere kwalifikasies onder die opskrif —

(b) Tandartse:

Universiteit van Pretoria.	Magister in Tandheelkunde.	M.Ch.D., Univ. Pret.
Universiteit van die Witwatersrand.	Diploma in Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie.	Dip. M.F.O.S., Univ. Rand.
Universiteit van die Witwatersrand.	Diploma in Ortodontsie.	Dip. Orth., Univ. Rand.

No. 795 (Unie).]

[29 Mei 1959.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD.

REÛLS BETREFFENDE DIE VOORWAARDES WAAROP GEREGISTREERDE MASSEURS HULLE BEROEP MAG BEOEFEN.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel vier-en-negentig van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), sy goedkeuring daaraan geheg dat die reëls opgestel deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens subartikel (2) (k) van genoemde artikel van die Wet en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1406 van 28 Augustus 1931, deur die volgende reëls vervang word:

1. 'n Geregistreerde masseur mag nie:
  - (a) enige mediese hulpwerk vir enige persoon onderneem nie, behalwe volgens opdrag van 'n geregistreerde geneesheer;
  - (b) elektriese behandeling van enige aard op enige persoon toepas nie, behalwe die aanwending van eksterne infra-rooi stralende hitte in verband met handmassering of remedieële oefeninge;
  - (c) met die doel om pasiënte of werk te verkry of om sy eie professionele belange te bevorder, hom registreerds of onregistreeks op enige manier adverteer, of goedkeuring verleen of toestem tot die publikasie van enigiets wat hom aanbeveel of die aandag op sy professionele bekwaamheid, kennis, dienste of kwalifikasies vestig, of wat afdoen aan die professionele bekwaamheid, kennis, dienste of kwalifikasies van enige geregistreerde persoon nie; Met dien verstande dat dit hom vrystaan —
    - (i) om in die erkende mediese, tegniese of verplegingstydskrifte te adverteer;
    - (ii) om by sy woonplek of behandelingskamers 'n deurplaat van hoogstens 14" by 8" waarop sy naam en kwalifikasies vertoon word op 'n wyse wat deur die Raad toegelaat mag word, aan te bring;

(a) Medical Practitioners:

Licensing Body	Qualification	Abbreviation for Registration.
College of Physicians of South Africa.	Diploma in Psychiatric Medicine.	D.P.M. (C.P.S.A.)
Faculty of Anaesthetists of South Africa.	Fellowship.	F.F.A. (S.A.)
University of McGill.	Diploma in Public Health.	D.P.H., Univ. McGill.
University of Pretoria.	Diploma in Public Health.	D.P.H., Univ. Pret.
University of Stellenbosch.	Master of Medicine (Pathology)	M.Med. (Path.), Univ. Stell.
University of Stellenbosch.	Master of Medicine (Radiological Diagnosis)	M.Med. (Rad. D.), Univ. Stell.
University of Stellenbosch.	Master of Medicine (Ophthalmology)	M.Med. (Ophth.), Univ. Stell.
University of Stellenbosch.	Master of Medicine (Otorhinolaryngology)	M.Med. (L. et O.), Univ. Stell.

By the addition thereto of the following further qualifications under the heading —

(b) Dentists:

University of Pretoria.	Master of Dental Surgery.	M.Ch.D., Univ. Pret.
University of the Witwatersrand.	Diploma in Maxillo-Facial and Oral Surgery.	Dip. M.F.O.S., Univ. Rand.
University of the Witwatersrand.	Diploma in Orthodontics.	Dip. Orth., Univ. Rand.

No. 795 (Union).]

[29th May, 1959.

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL:

RULES REGARDING THE CONDITIONS UNDER WHICH REGISTERED MASSEURS MAY CARRY ON THEIR CALLING.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section ninety-four of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved of the substitution of the following rules for the rules made by the South African Medical and Dental Council under sub-section (2) (k) of the said section of the Act and published under Government Notice No. 1406 of 28th August, 1931:

1. A registered masseur shall not:

- (a) undertake any medical auxiliary work for any person except under the direction of a registered medical practitioner;
- (b) administer electrical treatments of any kind to any person, except the application of external infra red radiant heat in conjunction with manual massage or remedial exercises;
- (c) for the purpose of obtaining patients or work or of promoting his own professional interests, directly or indirectly advertise himself in any manner or procure, sanction or acquiesce in the publication of matter commending or directing attention to his professional skill, knowledge, services or qualifications or deprecating the professional skill, knowledge, services or qualifications of any registered person;

Provided that he shall be at liberty —

- (i) to advertise in the recognised medical, technical and nursing papers;
- (ii) to affix a door plate not exceeding 14 ins. by 8 ins. in size at his place of residence or treatment rooms showing his name and qualifications in such a manner as may be permitted by the Council;

(iii) om besoek af te lê by, sirkulêres te stuur of te skrywe aan geregistreerde geneeskundige praktisyne, mediese inrigtings en hospitale.

(d) in 'n professionele hoedanigheid goedere aan pasiënte verkoop of kommissie op die verkoop van goedere aanneem nie, maar dit sluit nie die verskaffing van verbande en toestelle in verband met die behandeling van bepaalde gevalle in nie.

2. 'n Geregistreerde masseur wat enigeen van bostaande reëls oortree of versuim om dit na te kom, stel hom bloot aan 'n boete van hoogstens £10.

(iii) to call upon, circularise or write to registered medical practitioners, medical institutions and hospitals.

(d) sell goods to patients in a professional capacity or accept commissions on the sale of goods, but this shall not be deemed to include the supply of dressings or appliances in connection with the treatment of particular cases.

2. A registered masseur contravening or failing to comply with any of the above rules shall be liable to a fine not exceeding £10.

No. 831 (Unie).]

[29 Mei 1959.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN  
TANDHEELKUNDIGE RAAD.

REÛLS BETREFFENDE DIE BEHANDELING VAN  
DIE SAKE VAN DIE RAAD EN ANDER  
AANGELEENTHEDE.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel vier-en-negentig van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die reëls betreffende die behandeling van die sake van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad wat deur genoemde Raad kragtens subartikel (2) van genoemde artikel van die Wet opgestel en in Goewermentskennisgewing No. 2354 van 24 Desember 1930, soos gewysig, afgekondig is, deur in reël 20 die paragrawe betreffende die samestelling van die Uitvoerende Komitee, die Geneeskundige en Tandheelkundige Onderwyskomitee en die Komitee vir Aanvullende Gesondheidsdienste deur die volgende nuwe paragrawe te vervang:

„Uitvoerende Komitee — bestaande uit die voorsitter, vise-voorsitter, die lid van die Raad wat hoofgesondheidsbeampte of 'n assistent-gesondheidsbeampte van die Departement van Gesondheid is, aangestel deur die Minister, en agt ander lede. Die Komitee moet so saamgestel wees dat dit uit sewe geneeshere, twee tandartse, een leek en een verpleegster bestaan.”

„Geneeskundige en Tandheelkundige Onderwyskomitee — bestaande uit die voorsitter, die geneeshere wat tot lede van die Raad benoem is deur die universiteite waar geneeskundige fakulteite ingestel is (waarvan een 'n lid van die Spesialiste-komitee moet wees), twee ander geneeshere, die tandartse wat tot lede van die Raad benoem is deur die universiteite waar tandheelkundige fakulteite ingestel is, en een ander tandarts.”

„Komitee vir Aanvullende Gesondheidsdienste — bestaande uit die voorsitter, vier geneeshere, een tandarts en een verpleegster.”

No. 831 (Union).]

[29th May, 1959.

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL  
COUNCIL.

RULES RELATING TO THE CONDUCT OF BUSINESS  
OF THE COUNCIL AND OTHER MATTERS.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved of the amendment of the rules relating to the conduct of business of the South African Medical and Dental Council made by the said Council under sub-section (2) of the said section of the Act and published under Government Notice No. 2354 of the 24th December, 1930, as amended, by the substitution in rule 20 for the paragraphs relating to the constitution of the Executive Committee, the Medical and Dental Education Committee and the Committee on Supplementary Health Services, of the following new paragraphs:

“Executive Committee — Consisting of the president, the vice-president, the member of the Council being the Chief Health Officer or an Assistant Health Officer of the Department of Health appointed by the Minister, and eight other members. The Committee shall be so constituted that it consists of seven medical practitioners, two dentists, one layman and one nurse.”

“Medical and Dental Education Committee — Consisting of the president, the medical practitioners appointed as members of the Council by the Universities at which Faculties of Medicine have been established (of whom one shall be a member of the Specialists Committee), two other medical practitioners, the dentists appointed as members of the Council by the Universities at which Faculties of Dentistry have been established and one other dentist.”

“Committee on Supplementary Health Services — Consisting of the president, four medical practitioners, one dentist and one nurse.”

## Algemene Kennisgewings.

(No. 56 van 1959.)

### ORDONNANSIE OP MATE EN GEWIGTE. KENNISGEWING.

Hierby word kragtens subartikel (1) van artikel vyf van die Ordonnansie op Mate en Gewigte, 1937 (18 van 1937) soos gewysig by Proklamasie 41 van 1944, gelees met subregulasie (1) van regulasie drie, Deel 11, van die regulasies kragtens die Ordonnansie uitgevaardig, bekendgemaak dat elkeen wat weeg- of meetwerktuie, mate of gewigte in handelsgebruik het in die Landdrosdistrikte Gibeon en Maltahöhe sodanige werktuie, gewigte of mate aan die Ykbeampte moet voorlê sodat hulle nagesien kan word vir yking of heryking, voor of op 1 Augustus 1959.

## General Notices.

(No. 56 of 1959.)

### WEIGHTS AND MEASURES ORDINANCE. NOTICE.

Notice is hereby given in terms of sub-section (1) of section *five* of the Weights and Measures Ordinance, 1937 (No. 18 of 1937), as amended by Proclamation No. 41 of 1944, read with sub-regulation (1) of regulation *three* Part 11, of the regulations framed under the Ordinance, that all persons in the Magisterial Districts of Gibeon and Maltahöhe having weighing or measuring instruments, weights or measures in use in trade, are required to produce such instruments, weights or measures to the Assize Officer in order that they may be examined for assizing or re-assizing on or before 1st August, 1959.



Iemand wat vasgemonteerde meetwerktuie, outomatiese of selfaanwysende weegwerktuie of weegwerktuie met 'n weegvermoë van meer as 600 lb. in handelsgebruik het, kan skriftelik aansoek doen by die Landdros van sy distrik of by die Ykbeampte, Posbus 729, Windhoek, dat sodanige werktuie by sy perseel nagesien moet word. **NET SKRIFTELIKE AANSOEKE KOM IN AANMERKING** en sodanige aansoeke moet die soort en getal werktuie sowel as die plek waar hulle gebruik word, aandui.

Iemand wie se handelsperseel verder as vyftien myl geleë is van die naaste ykstasie in onderstaande Bylae genoem, kan al sy werktuie op sy perseel laat nasien, indien hy vroegtydig aansoek doen soos hierbo aangedui.

Waar instrumente op die perseel van 'n handelaar gekyk word, word ekstra gelde vir die diens gevorder.

Die ykbeampte sal die gemelde ykstasies in ooreenstemming met onderstaande Bylae besoek.

**C. F. MARAIS,**  
Superintendent van Ykwese.

Windhoek, 2 Junie 1959.

**BYLAE.**

**MARIENTAL:** Polisiekantoor, van 9 v.m. tot 11 v.m. op 24 Julie 1959.

**MALTAHÖHE:** Polisiekantoor, van 9 v.m. tot 11 v.m. op 29 Julie 1959.

(No. 57 van 1959).

Invoerders wat in Suidwes-Afrika geregistreer is, word in kennisgestel dat: —

- (i) 'n derde uitreiking van invoerpermitte vir verbruikers goedere in Junie 1959 sal geskied. Hierdie uitreiking sal gelyk wees aan 15% van permitte vir verbruikersgoedere wat in 1958 ontvang is;
- (ii) invoerders wat goedere wil invoer waarvoor daar in 1958 permitte op 'n vervangingsgrondslag uitgereik is, skriftelik aansoek kan doen om permitte vir 1959, wat hulle sal magtig om dieselfde soorte goedere in te voer;
- (iii) invoerders wat goedere wil invoer wat by essensiële materiaal ressorteer, skriftelik daarom aansoek kan doen met volledige opgaaf van die goedere wat hulle wil invoer. Aansoeke kan per brief geskied maar in gevalle waar die aangevraagde bedrae groot is, kan invoerders gevra word om aansoekvorm Excon 40 te voltooi.

Aansoeke ingevolge (ii) en (iii) moet gerig word aan die Invoerbeheerbeampte, Posbus 2109, Windhoek, S.W.A.

(No. 58 van 1959).

**SUIDWES-AFRIKA.**

**OPGAWE VAN PLASE ONDER KWARANTYN VIR GEPROKLAMEERDE VEESIEKTES: 1.5.59.**

*Distrik:*

*Plaas:*

**SLAPSIEKTE.**

- OTJIWARONGO:** Otjosondu 274, Ebeneser 377.
- OMARURU:** Onjombojumuwiwa 32, Gesondheid 158.
- GOBABIS:** Anderson 248, Otjozondjou 235, Voortrekker 172, Chimo 395, Bosville 673, Disal 674, Plaas 432.
- OKAHANDJA:** Otjosondvombo 116, Rodenbeck 120.
- REHOBOTH:** Namibgrens 154.
- WINDHOEK:** Meent, Aub 321, Aandrus 362, Dirleen 328, Bellerode 67.
- BETHANIE:** Pfalz 61, Doachas 57.

Any person having permanently fixed measuring instruments, automatic or self-indicating weighing instruments, or weighing instruments with a weighing capacity exceeding 600 lbs., may apply in writing to the Magistrate of his district or to the Assize Officer, P. O. Box 729, Windhoek, for such instruments to be examined on the premises. **ONLY WRITTEN APPLICATIONS CAN BE TAKEN INTO CONSIDERATION**, and such applications must indicate the type and number of instruments as well as the place where they are being used.

Any person whose business premises are situated more than fifteen miles from the nearest assize station mentioned in the Schedule below, may have all his instruments examined on his premises provided that he applies without delay as indicated above.

Where instruments are assized on a trader's premises, additional charges will be made for attendance.

The Assize Officer will be in attendance at the various assize stations, in accordance with the undermentioned Schedule.

**C. F. MARAIS,**  
Superintendent of Assize.

Windhoek, 2nd June, 1959.

**SCHEDULE.**

**MARIENTAL:** Police Station, from 9 a.m. to 11 a.m. on the 24th of July, 1959.

**MALTAHÖHE:** Police Station, from 9 a.m. to 11 a.m. on the 29th of July, 1959.

(No. 57 of 1959).

Importers who are registered in South West Africa are hereby advised as follows:—

- (i) A third issue of consumer goods import permits will be made during June, 1959. This issue will be equivalent to 15% of consumer goods permits received during 1958.
- (ii) Importers wishing to import those goods for which permits during 1958 were issued on a replacement basis may make application in writing for 1959 permits authorising the importation of the same commodities.
- (iii) Importers wishing to import those goods which are classified as essential materials may make application in writing, detailing the goods which it is desired to import. Applications may be made by letter but in cases where the amounts required are large, importers may be asked to complete the application form Excon 40.

Applications under (ii) and (iii) should be made to the Import Control Officer, P. O. Box 2109, Windhoek, S.W.A.

(No. 58 of 1959.)

**SOUTH WEST AFRICA.**

**RETURN OF FARMS UNDER QUARANTINE FOR SCHEDULED DISEASES: 1.5. 59.**

*District:*

*Farm:*

**DOURINE.**

- OTJIWARONGO:** Otjosondu 274, Ebeneser 377.
- OMARURU:** Onjombojumuwiwa 32, Gesondheid 158.
- GOBABIS:** Anderson 248, Otjozondjou 235, Voortrekker 172, Chimo 395, Bosville 673, Disal 674, Plaas 432.
- OKAHANDJA:** Otjosondvombo 116, Rodenbeck 120.
- REHOBOTH:** Namibgrens 154.
- WINDHOEK:** Commonage, Aub 321, Aandrus 362, Dirleen 328, Bellerode 67.
- BETHANIE:** Pfalz 61, Doachas 57.

KEETMANSHOOP: Tses en Berseba Reservaat, Gavaams 6, Grauhof 147.

MALTAHÖHE: Süderecke 63.

GIBEON: Pniel 458.

### SKAAP BRANDSIEKTE.

MARIENTAL: Diamantkop 516.

### VARKPES.

GOBABIS: Ramba 669.

OMARURU: Eros 30.

J. S. WATT,

Direkteur van Landbou.

(No. 335 van 1959 (Unie).)

### SUID-AFRIKAANSE WETENSKAPLIKE EN NYWERHEIDNAVORSINGSRAAD.

#### WYSIGING VAN SPESIFIKASIES.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Standaarderaad, 'n Komitee wat kragtens afdeling *elf* van die Wet op Standaarde, 1945 ingestel is en optree ingevolge die bevoegdheid deur die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad kragtens subartikel (2) van dié artikel aan hom verleen, die onderstaande spesifikasies gewysig het, en dat Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake die behoud van die S.A.B.S.-ellips-diamantstandaardmerk ten opsigte van die gewysigde spesifikasies goedgekeur het.

Die Raad het verder besluit dat houers van permitte om die S. A. B. S.-ellips-diamantstandaardmerk op onderstaande produkte aan te bring, indien hulle dit verkies, onmiddellik met die vervaardiging, produksie, verwerking of behandeling van die produkte ooreenkomstig die gewysigde spesifikasies mag voortgaan, en verder dat die betrokke standaardmerk in elk geval na 30 September 1959 nie meer van toepassing sal wees ten opsigte van die oorspronklike spesifikasies nie.

Diegene wat eksemplare van die oorspronklike spesifikasies besit, kan op aanvraag, kosteloos en posvry, eksemplare van die wysigings-strokies by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak 191, Pretoria, verkry.

KEETMANSHOOP: Tses and Berseba Reserve, Gavaams 6, Grauhof 147.

MALTAHÖHE: Süderecke 63.

GIBEON: Pniel 458.

### SHEEP SCAB.

MARIENTAL: Diamantkop 516.

### AFRICAN SWINEFEVER.

GOBABIS: Ramba 669.

OMARURU: Eros 30.

J. S. WATT,

Director of Agriculture.

(No. 335 of 1959 (Union).)



### SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR SCIENTIFIC AND INDUSTRIAL RESEARCH.

#### AMENDMENT OF SPECIFICATIONS.

It is hereby notified for general information that the Standards Council, a committee established in terms of section *eleven* of the Standards Act, 1945, acting in pursuance of the powers assigned to it by the Council for Scientific and Industrial Research under sub-section (2) of that section approved the amendment of the specifications listed below, and that the Honourable the Minister of Economic Affairs has been pleased to approve the retention of the S.A.B.S.-ellipse-diamond standardization mark in respect of the amended specifications.

The Council further resolved that all holders of permits to apply the S.A.B.S.-ellipse-diamond standardization mark to the commodities listed below may, if they so desire, proceed immediately to manufacture, produce, process or treat the products in accordance with the amended specifications, and furthermore that the relevant standardization mark shall in any event cease to be applicable in respect of the original specifications after the 30th of September, 1959.

Persons in possession of copies of the original specifications may on application obtain gratis copies of the amendment slips, post free, from the South African Bureau of Standards, Private Bag 191, Pretoria.

Spesifikasie- Specification No.	Kort titel / Short title	Bestek van wysiging. Scope of amendment.	Merk. Mark.
